PRETORIA DRAMA EISTEDDFOD 2025

**Lente Eisteddfod Oktober 2025**

SILLABUS AFRIKAANSE DRAMA (Kode A)

# Inhoud


**SPESIALE REËLS** .......... **2**

**VOORBEREIDE GROEPITEMS** .......... **4**

- **Dialoog vir 3-5 karakters (A27)** .......... 4
- **Groepverhaalkuns (A28)** .......... 4
- **Eksperimentele of Kreatiewe Groepwerk (A29)** .......... 5
- **Groep Redenaars (A30)** .......... 5

**ONVOORBEREIDE GROEPITEMS** .......... **6**

- **Onvoorbereide Groepmimiek (A31)** .......... 6
- **Onvoorbereide Groep Improvisasie (A32)** .......... 6
- **Kreatiewe Groep Advertensie (A33)** .......... 6
- **Groep Skryfkuns (A34)** .......... 7

# SPESIALE REËLS

**1 Inskrywings:**

- Daar is geen beperkings op hoeveelheid van items waarvoor die skool of studio inskryf nie. Die hoeveelheid items waarvoor elke leerder inskryf moet met sorg benader word, aangesien te veel items die leerder nie altyd bevoordeel nie.

**2 Toekenning van wenners:**

**Kandidate wat wil kwalifiseer vir ’n toekenning moet seker maak dat aan al die vereistes voldoen word.**

- Graadwenners: Gr. 6 – 12 – Die hoogste vir ten minste **1 gedramatiseerde item, 1 stilstaande item en 1 onvoorbereide item.** Voorbereide Redenaars word nie in ag geneem nie.
- Algehele Wenner Laerskool (Juniors): Hoogste gemiddeld Graad 3-5
- Algehele Wenner Laerskool (Seniors): Hoogste gemiddeld Gr. 6-7.
- Algehele Wenner Hoërskool: Hoogste gemiddeld Gr. 8-12.
- Vereistes vir die Algehele Wenner-toekenning:
  Laerskool:
  - Gedramatiseerde item
  - Stilstaande item.
  - Improvisasie/onvoorbereide mimiek OF Onvoorbereide lees: poësie/prosa

  Hoërskool:
  - Gedramatiseerde item
  - Stilstaande item
  - Gevorderde improvisasie/onvoorbereide mimiek OF Onvoorbereide lees: poësie of prosa.

**Let wel: Kandidate wat vir dié toekenning in aanmerking wil kom, moet op dieselfde dag in hulle afdeling deelneem. GEEN uitsondering sal gemaak word nie. Die deelnemer mag nie dieselfde stukke as die vorige jaar gebruik nie.**

**3 Dekor, rekwisiete, musiek apparaat, rostrums**

- Afrigters is verantwoordelik vir bogenoemde items.
- Organiseerders aanvaar geen verantwoordelikheid vir apparate of rekwisiete van enige aard nie.
- Slegs eie toerusting mag gebruik word.
- Verkry gebruikstoestemming van die eienaar indien toerusting geleen moet word.
- Rostrums en ateljeedrag moet duidelik gemerk wees.
- Geen oop vlamme mag as deel van enige program gebruik word nie (bv. kersvlammetjies). Dit word deur munisipale regulasies verbied.
- Kleedkamers moet netjies en skoon agtergelaat word.

**4 Onttrekkings en botsende datums**

- Verskuiwings as gevolg van botsing met sport/ander afdelings van die Eisteddfod sal slegs op ’n geskeduleerde spesiale dag gedoen word.
- **Daar moet betyds skriftelik per e-pos by die organiseerder aansoek gedoen word vir deelname op die ekstra dag. ’n Siekte brief van ’n dokter en/of ’n amptelike brief van die skool (vir botsing in sportdeelname en eisteddfod) moet by die versoek aangeheg word.**
- **Geen ongeskeduleerde deelname sal toegelaat word nie.**

**5 Kleredrag**

- **Meisies:** Swart leotard, voetlose “tights”, swart rompie (middelkuit), swart sweetpakbroek met swart bloes, T-hemp of truitjie (geen middellyn mag wys nie) en kaalvoet of swart tekkies.
  **Geen juwele of naellak toegelaat nie.** Hare netjies weggebind en uit die oë weggesteek.
- **Seuns:** Swart T-hemp, swart kortbroek of sweetpakbroek en kaalvoet of swart tekkies. **Geen horlosies word toegelaat nie.**

**6 Sertifikate vir groepitems**

- Indien deelnemers aan ’n groep item (duo/trio voordragprogram ingesluit) individuele sertifikate wil ontvang, moet die name op die inskrywingsvorm aangedui word.

# VOORBEREIDE GROEPITEMS

**Alle items is eie keuse. Gebruik asseblief 'n inskrywingsvorm per groep.** Die groep se inskrywingskategorie word bepaal volgens die ouderdom van die deelnemers.

**Die volgende geld vir al die items:**

- Enige tegniese hulpmiddels en dekor wat vir atmosfeer ingesluit word, moet waar moontlik, tot 'n minimum beperk word.
- Die tydsbeperking vir optrede is soos aangedui plus 5 minute ekstra vir die opstel en die verwydering van toerusting gesamentlik.
- Ekstra persone word toegelaat om hulp te verleen met die toerusting.

---

## Dialoog vir 3-5 karakters (A27)

- **Drie tot vyf deelnemers.**
- 'n Toneel (nie revue, kabaret of groep poësie nie) in die kleine word aangebied deur 3-5 deelnemers wat elk 'n deurlopende karakter vertolk.
- Revue, kabaret en groep poësie as styl, is nie toelaatbaar in die item nie.
- Kostuums, rekwisiete, dekor en byklanke mag spaarsamig gebruik word.

| **A27** | **Graad 1-12** | **R240** |
|---|---|---|
| Graad 1-3 | Maksimum 6 minute | |
| Graad 4-5 | Maksimum 8 minute | |
| Graad 6-12 | Maksimum 10 minute | |

---

## Groepverhaalkuns (A28)

- **Drie tot dertien deelnemers.**
- Enige verhaal kan gedramatiseer word met beweging en gebare en verlewendig word deur byklanke en musiek.
- Minimale kostumering mag gebruik word.

| **A28** | **Graad 1 tot 12** | **R240** |
|---|---|---|
| Graad 1-12 | Maksimum 15 minute | |

---

## Eksperimentele of Kreatiewe Groepwerk (A29)

- **Drie tot dertien deelnemers.**
- ŉ Verskeidenheid van materiaal bv. komies, dramaties, satiries word in so ŉ aanbieding ingesluit.
- ŉ Gedig, prosa, dansdrama, sanginsetsels, gedramatiseerde spreekkoor en ander individuele items kan gebruik word.
- Die klem moet val op oorspronklike kreatiewe en eksperimentele werk rondom ŉ tema.
- Eenvoudige (nie volle) kostumering word toegelaat.

| **A29** | **Graad 1 tot 12** | **R360** |
|---|---|---|
| Graad 1-12 | Maksimum15 minute | |

---

## Groep Redenaars (A30)

- **Vier (4) deelnemers.**
- Dit is redevoering, en die logiese manier van denke en die kreatiewe interpretasie van die onderwerp vorm die kern van die item.
- Argumente moet oortuigend vertolk word en moet gerugsteun wees deur behoorlike navorsing.
- Geen teatrale voordrag, stellings wat gesamentlik deur die groep uitgebeeld word, gedramatiseerde uitdrukkings, gesprekvoering of die gebruik van kostuum en rekwisiete is toelaatbaar nie.
- Onderwerpe sal aan die begin van die jaar op die Pretoria Drama Eisteddfod webtuiste (ocnaf.co.za) gepubliseer word.

| **A30** | **Graad 1 tot 12** | **R360** |
|---|---|---|
| Graad 1-4 | Maksimum 5 minute | |
| Graad 5-12 | Maksimum 8 minute | |

**Graad 1-4 ONDERWERP:**
Beredeneer, in julle groep, die waarde van goeie maniere.

**Graad 5-12 ONDERWERP:**
Beredeneer, in julle groep, oor die lewensvatbaarheid van een van die 17 Doelstellings vir Volhoubare Ontwikkeling.
Gebruik die Verenigde Nasies webblad (https://sdgs.un.org/goals) as vertrekpunt vir julle navorsing.

# ONVOORBEREIDE GROEPITEMS

## Onvoorbereide Groepmimiek (A31)

- **Drie tot dertien deelnemers.**
- Twee onderwerpe word deur die beoordelaar verskaf.
- Deelnemers moet papier en pen bring waarop die titel vir aankondiging geskryf word.
- Geen spraak of geluide mag gebruik word nie.
- ŉ Oorspronklike toneel moet aangebied word.
- Voorbereidingstyd: 20 min
  **Deelnemers moet dus 20 min voor die tyd aanmeld om die onderwerpe te ontvang.**

| | | |
|---|---|---|
| **A31** | **Graad 5 tot 7** | **R240** |
| Graad 5-12 | Maksimum 5 minute | |

## Onvoorbereide Groep Improvisasie (A32)

- **Drie tot dertien deelnemers.**
- Twee onderwerpe word deur die beoordelaar verskaf.
- Deelnemers kies een onderwerp en kondig dit aan.
- Spraak moet gebruik word in die aanbieding van ŉ oorspronklike toneel met dramaties en/of komiese impak.
- Voorbereidingstyd: 20 min.
  **Deelnemers moet dus 20 min voor die tyd aanmeld om die onderwerpe te ontvang.**

| | | |
|---|---|---|
| **A32** | **Graad 5 tot 7** | **R240** |
| Graad 5-7 | Maksimum 5 minute | |

## Kreatiewe Groep Advertensie (A33)

- **Drie tot dertien deelnemers** wat ŉ sekere produk adverteer bv. Seep, Lipstiffie, Geheime skoene, Seeppoeier met borrels waarin mens kan rondreis ens.
- Die onderwerp/voorwerp sal 20 min voor optrede deur die beoordelaar verskaf word. Die onderwerp kan kreatief gegee word, die deelnemers gebruik hulle eie kreatiwiteit om die onderwerp kreatief te ontwikkel.
- Die advertensie moet ŉ klingel (ŉ boeiende advertensie liedjie) insluit.
  **Deelnemers moet dus 20 min. Voor tyd opdaag om onderwerpe te ontvang.**

| | | |
|---|---|---|
| **A33** | **Graad 6 tot 12** | **R240** |
| Graad 6-12 | Maksimum 5minute | |

# Groep Skryfkuns (A34)

- **Drie tot dertien deelnemers.**
- Twee onderwerpe word deur die beoordelaar verskaf.
- Deelnemers kies een, skryf en dramatiseer die gedig, toneel, verhaal (prosa). Kaartjies mag gebruik word.
- Voorbereidingstyd: 1 uur.
  **Deelnemers moet dus 1 uur voor die tyd aanmeld om die onderwerpe te ontvang.**

| | | |
|---|---|---|
| **A34** | **Graad 7-12** | **R240** |
| Graad 7-12 | Maksimum | 3½ min |